Citrus Growers' Association
OF SOUTHERN AFRICA
Grower levies working for you!


# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (40/15)

justchad_cga

*Justin Chadwick 23 Oktober 2015*

***GESEGDE VAN DIE WEEK "The farmer is the only man in our economy who buys everything at retail, sells everything at wholesale, and pays the freight both ways" John F Kennedy***

## SITRUSUITVOERE NA ASIë 2015




Die Suid-Afrikaanse sitrusbedryf se besluit om op uitvoere na Asië te fokus, het vrugte afgewerp want uitvoervolumes na daardie markte neem steeds toe. Volumes het van omtrent 14 miljoen kartonne in 2010 tot amper 22 miljoen in 2015 toegeneem. Uitvoere na Hong-Kong en Japan bly beduidend maar met min groei. Daar was betekenisvolle groei in uitvoere na China, Suid-Korea en Bangladesh. Daar was ook groei in die Maleisiese mark.

## "PRODUCE MARKETING ASSOCIATION (PMA)" JAARLIKSE KONGRES

Vandag hou die PMA hul jaarlikse "Fresh Produce Convention" in Atlanta, Georgia. Ek en CGA se Bruce McEvoy het van die geleentheid gebruik gemaak om Washington in die dae voor die Kongres te besoek. Vergaderings is met die Suid-Afrikaanse Ambassade, USDA APHIS en USTR gehou. Die tydsbereking was belangrik omdat die hersiening van die Amerikaanse Wet op Groei en Ontwikkeling in Afrika (AGOA) nou in proses is en 'n paar ernstige kwessies in die gesig staar. AGOA is belangrik vir die sitrusbedryf omdat dit "duty free" toegang moontlik maak vir die 50 000 ton van Suid-Afrikaanse sitrus na die VSA mark. Die probleem met die proses sluit die toegang tot die Suid-Afrikaanse mark vir VSA hoender-, bees- en varkvleis in. Dit behels beide SPS en tariefkwessies. DAFF, DTI en DIRCO werk hard om die kwessies op te los sodat dit 'n gunstige uitslag vir Suid-Afrika tot gevolg sal hê. 'n Ongunstige resensie kan 'n impak op produkte hê wat na die VSA uitgevoer word (insluitend sitrus).

Vergaderings met APHIS is gereël om die hersiening van die behandelingsperiode te bespreek. Na 'n twee jaar loodsprojek is alle resultate positief. APHIS is besig om hul verslae en aanbevelings te finaliseer en daar word gehoop dat dit voor die begin van die 2016 seisoen afgehandel sal wees. Dit is ook van toepassing op die sny van vrugte tydens vertrek en by plekke van binnekoms – geen peste is gevind nie en APHIS is versoek om hierdie vereiste te termineer. 2015 was 'n suksesvolle jaar in die VSA met geen probleme by die hawens nie (Newark, Houston of Philadelphia).

## GEPAK EN VERSKEEP

| Tot einde Week 42 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 18.2 m | 15.6 m | 16.1 m | 14.9 m | 16 m | 15.3 m | 16.1 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 8.4 m | 9.9 m | 10 m | 9.6 m | 10 m | 10 m | 10 m | 10 m |
| Suurlemoene | 10.6 m | 13.2 m | 15 m | 12.9 m | 14.7 m | 13.6 m | 15 m | 13.2 m |
| Nawels | 25.4 m | 26 m | 24.5 m | 26 m | 24.5 m | 25.1 m | 24.5 m | 26 m |
| Valencias | 51 m | 50.4 m | 52.4 m | 46.8 m | 50.1 m | 49.1 m | 52.4 m | 50.9 m |
| Totaal | 113.6 m | 115.1 m | 118 m | 110.2 m | 115.2 m | 113.1 m | 118 m | 115.7 m |